Die wêreld het jou nodig | 7 Mei 2023 | Ds. Teodor van der Spuy

tvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Verwelkoming & Gebed:

Kan ek nee en Here in diesefde sin gebruik?

Mei -maand is by Moreleta Kerk Heilige Gees maand. Ons wil jou hart voorberei vir dit wat die Here wil kom doen. Veral in die kringe wil ons vir mense 'n vars belewenis van God se Gees kom uitwys. Die kerk was futloos en sonder krag tot en met die koms van die Gees. Daarom vra Mei -maand om ook 'n "ja maand" te wees. 'n Maand vol geloof, vol gehoorsaamheid en vol van ''ja'' vir Jesus.

Wenke vir leier

Gesels met jou kring oor die rol van die Heilige Gees in jou lewe.

Lees saam

Skrifgedeelte: Handelinge 10:9-14
Die volgende dag, toe Kornelius se afvaardiging al naby die dorp was, het Petrus dakstoep toe gegaan om te bid. Dit was teen twaalfuur die middag, en hy het honger geword en wou eet. Terwyl hulle die ete klaarmaak, het hy in geestesvervoering geraak. Hy het die hemel oop gesien en iets soos 'n groot doek wat aan sy vier punte neergelaat word en afkom grond toe. In die doek was allerhande diere, reptiele en voëls. 'n Stem sê toe vir hom: "Staan op, Petrus! Slag en eet!"
"Nooit nie, Here!" het Petrus gesê. "Ek het nog nooit iets wat onrein is, geëet nie."

Gesels saam

1. Petrus het nee en Here in dieselfde sin probeer gebruik. Hoekom dink jy is dit nie moontlik nie.
2. Wat is die definisie van "'Here" in die Bybelse konteks?
3. Wat was die belangrike uiteinde van Petrus se "ja"?
4. Dink jy Petrus se ja is deel van die rede dat jy vandag in die kerk aan die Suidelike Punt van Afrika sit?
   Lees Handelinge 10:34

Doen saam

Jesus was die groot Ja oor alle mense.
Dit is God se hart. Hy is lief vir mense en wil elkeen laat verstaan dat Hy nie ons sonde teen ons hou nie. Hy gebruik gewone mense soos ek en jy om daardie ja van Jesus 'n realiteit vir mense te maak.

1. Het die Gees al vir jou goed gewys waaraan jy gehoorsaam moet/moes wees wat jy vandag kan bely jy geignoreer het?
2. Handelinge 10:19 vertel die verhaal van manne wat na Petrus toe gestuur word deur die Heilige Gees. Is daar mense in jou lewe wat God dalk intensioneel oor jou pad gestuur het sodat hulle Jesus deur jou kan ontmoet?

Bid saam

Die Delta week (Pinkster) by Moreleta Kerk is 'n groot gebeurtenis waar ons die Here vertrou om op prominente manière sy Gees uit te stort op die gemeente soos wat Hy gedoen het vir Sy dissipels.
1. Bid dat die Here julle kring se harte in eenheid sal bind om 'n groot verwagting te koester van wat die Here gaan kom doen in Pinkster.
2. Gee vir elke persoon in die kring die geleentheid om 'n "big faith" gebed te bid in afwagting vir Delta week. Groot geloof is aanneemlik vir God. Kom ons bid groter gebede oor mekaar se lewens en oor die kerk.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035